# KOMMUNIKAMMA 25 FEBRUARIE 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**<u>WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE</u>**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**<u>PROGRAM VIR DIE WEEK:</u>**
**<u>Sondag 25 Februarie</u>**
**3de Lydensweek**
**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS EN NAGMAAL**

**Skriflesing:** Jesaja 6
**Tema:** Jesaja steek sy hand op

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb. kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die Bybelgenootskap**

**10:00 NUWE INTREKKERS VERWELKOMING**
Alle nuwe intrekkers word hartlik uitgenooi om na die erediens te kom saamkuier.

**<u>Maandag 26 Februarie</u>**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**<u>Woensdag 28 Februarie</u>**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**<u>Donderdag 29 Februarie</u>**
**FONTEINVRIENDE BYEENKOMS**
Ons nooi alle afgetrede persone uit na die Fonteinvriende byeenkoms op Donderdag 29 Februarie. Kontak Zelda Bakkes , 083 950 6096, vir meer inligting.

**WÊRELDBIDDAG VIR VROUE EN MANNE: 29 FEBRUARIE**
Saam met Lorraine en Sherwood gemeentes hou ons hierdie jaar Wêreldbiddag op 29 Februarie om 18:30 by Lorraine gemeente. Willie Joubert en Leon Ferreira gaan ook daar optree. Gratis kaartjies, om getalle te bepaal, is beskikbaar by ons kerkkantoor of direk na die diens in die voorportaal. Hamburgers om voor die geleentheid by Lorraine te geniet is te koop teen R35 per Hamburger ook by ons kerkkantoor of direk na die diens in die voorportaal.
Kontak asb. die kerkkantoor indien jy ‘n saamrygeleentheid benodig.

**Vrydag 1 Maart**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 3 Maart (Ons as gemeente vier 51 jaar van genade)**
**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS EN KLEUTERKERK**
**10:00 KATEGESE**
**11:30 GEMEENTE BRING EN BRAAI**
**18:00 LEEF@KERK**

**GEMEENTE BRING EN BRAAI**
Almal is welkom. Kom sou van 11:30 se kant af saamkuier onder bome agter kerkgebou. Braaiers en kole sal voorsien word. As jy nie lus is om self te braai nie, is daar diensbare manne wat jou vleis vir jou sal braai.

## GEBEDSAKE:

- Fonteinvriende funksie op 29 Februarie.
- Geliefdes wat gesondheidsuitdagings beleef:
  Ons dank die Here dat Willie Moller beter is. Hy is steeds in die hospitaal.
  Hercules Enslin is in die hospitaal.
  Elaine Greyling se seun, Ernst wat behandeling kry. Elaine sukkel self ook met haar gesondheid.
  Marieta Spies, familie van Piet en Sonja Spies, wat met een van haar oë niks kan sien nie.
  Wilma Keevy gaan in die week hospitaal toe vir ‘n operasie.
- Johan Louw is oorlede. Bid asb vir sy vrou Alma.
  Henry West se troosdiens vind Woensdag 11:00 plaas.
- Vakatures by Grasvoëlkop en Algoa gemeentes en eersdaags ook by PE-Noord gemeente.
- Bediening by Kleinskool, vrede en samewerking tussen die leiers, asook vir Florence vir innerlike vrede en samewerking.
- Ons land met sy baie mooi, sy uitdagings en sy seer. Die verkiesing wat op 29 Mei plaasvind.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.

**THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
**Jemen:** Bid saam dat elke Jemeni die geleentheid sal hê om die Evangelie van Hoop te hoor, bid saam vir God se barmhartigheid, troos en voorsiening vir almal wat honger is, die siekes, armes en diegene wat uitgebuit word.

**KERKRAADSLID VERKIES**
Op die kerkraadsvergadering gehou op Woensdag 21 Februarie 2024 is Albert du Plessis verkies as diaken.
Daar is steeds 3 ouderling, 3 diaken en 22 dienswerker vakatures op op die kerkraad. Kontak asb die kerkkantoor indien jy bereid is om te help.

**HARDLOOP VIR BYBELS**
Die Bybelgenootskap bied in samewerking van Oasis Familie Gemeente en die Run4Christ atletiekklub ‘n 5km of 10km pretdraf ten bate van Bybelverspreiding aan. Die pretdraf vind plaas op Saterdag 2 Maart om 06:00 die oggend by die Oasis Familiekerk, Welcomerylaan 99, Theescombe. Bring ‘n donasie saam wat aan die Bybelgenootskap oorhandig sal word. Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**HULP BENODIG BY JEUG**
Ons is dankbaar vir die groeiende jeug getalle by ons gemeente, tog bring dit "lekker uitdagings":

Ons het klomp idees en drome wat ons met ons Jeug wil doen. Ds Toit het 'n behoefte aan 'n persoon/persone wat hom kan help met administrasie rakende die jeugbediening. Indien jy dalk tyd/kapasiteit vir so iets, of dalk net meer wil weet, maak gerus met hom kontak.

As gevolg van kategese groepe wat te groot word, het ons te min lokale by die kerkkompleks. As daar iemand is wat dalk van beskikbare opslaan klaskamers of so iets weet, kontak asb die kerkkantoor.

**RAAK BETROKKE**
Aangesien ons 'n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat voor die eietydse diens mense groet in die voorportaal, die regstreekse uitsending van eredienste, persone wat deel wil wees van die gasvryheidsbediening en persone wat wil help met die opneem en tel van die dankoffer by die deure op 'n Sondag. Indien jy graag betrokke wil raak, kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**
Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 25 Februarie | Marius Breytenbach, Wayne Moller, Eunette Stoltz en Peto van Rooyen |
| 26 Februarie | Elise Reid, Marie Greeff, Amanda Janse van Rensburg, Morne Meiring, Salmarie Morgan, Eben Peens, Tanya van Rensburg, Lynette van der Walt en Issie Venter |
| 27 Februarie | Johny de Beer, Kayla du Preez, Ella Grobler, Lily Vosloo en Mario Weitz |
| 28 Februarie | Divan Bezuidenhout, Hayley du Preez, Ronel Hamilton, Nina Kloppers, Dirk Kotze, Susan Olivier, Liezl Peens en Gerry van Eeden |
| 29 Februarie | George Strydom |
| 1 Maart | Johan Blom en Janine Viljoen |
| 2 Maart | Ria Bezuidenhout, Fran Buchner en Madelyne van der Merwe |

**Ons wens tannie Issie Venter baie geluk met haar 93ste verjaarsdag op die 26ste Februarie.**

**BYBELHUIS VRUGTEMARK**
Die Bybelgenootskap hou hulle 27ste Vrugtemark op die 14de – 16de Maart by die Bybelhuis in Cotswold. Vrugte is elke dag bekikbaar en die groente is slegs op Saterdag 16 Maart beskikbaar. 14 en 15 Maart is die vrugte beskikbaar van 08:00 tot 16:00 en op die 16de is groente, vrugte en 'n teetuin oop van 08:00 tot 12:00.

**DANKOFFER**
Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan